Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2021

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: 50 minute
    AFDELING B: 30 minute
    AFDELING C: 40 minute

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**JY HOOR MY NIE, WANT ... ONS LUISTER NIE MEER NIE**

*Ons het die kuns van luister verleer ... dis hoekom ons verhoudings sneuwel.*

1 *"Okay, Linda. Listen, listen, listen ... listen, Linda,"* sê ŉ driejarige seuntjie in ŉ YouTube-video. (Dis nie net Linda wat nie luister nie.) Volgens ŉ studie aan drie Amerikaanse universiteite onthou ons net 25% van wat ons hoor. Ons het die kuns van luister verloor, reken dié navorsers.

2 Luistervaardighede is een van die hoekstene van doeltreffende kommunikasie en suksesvolle verhoudings, sê Marlaine Pienaar, Bolandse sielkundige. Ons praat ook, maar word nie gehoor nie. Dalk omdat ons onsself nie doeltreffend of met emosie uitdruk nie. Of omdat ons konfronteer of krities of verwytend is. Sy bevestig verder dat ŉ gebrek aan luistervaardighede verhoudings laat verbrokkel en dit maak ons so ongelukkig.

3 Deur te luister kan ons probleme identifiseer. Moet net nie oombliklik iemand anders s'n wil oplos nie. Heidi Malan, sielkundige van Pretoria, verduidelik die meeste probleme is soos ŉ ui. Deur te luister kan jy iemand help om elke lagie af te skil en by die kern van die probleem te kom. Luister kan ook oorweldigende emosies verlig, sê sy. Wanneer emosies jou gespreksgenoot se denke domineer, dink hy dalk nie meer so rasioneel nie. Indien jy na hom luister, help dit hom omdat hy nie meer so emosioneel oor sy probleem dink nie, eerder nugter. Deur te luister help jy ook jou gespreksgenoot om self sy probleem op te los. Om dit reg te kry moet hy kreatief dink. Wanneer hy dit regkry, gee dit hom selfvertroue en vind hy dit makliker om die beste oplossing te kry.

4 Ons behoort met begrip te luister, eerder as om te reageer, voeg Heidi by. Jy bedoel dit dalk goed om raad te gee, of te troos, maar dit verlig nie noodwendig ontsteltenis nie. Jou gespreksgenoot kan opstandig raak en jou insette verkeerd vertolk as "jy dink ek kan nie my eie probleem oplos nie. Jy verstaan my nie. Jy frustreer of bedreig my. Jy maak my angstig." Maar deur met begrip te luister, word die onvoorwaardelike aanvaarding van "ek hoor jou" geskep. Julle hoef nie noodwendig saam te stem nie.

5 Jannie Putter, motiveringspreker en leefstylafrigter, beklemtoon dat respek ononderhandelbaar is vir suksesvolle verhoudings. Ongelukkig seëvier disrespek. Familiariteit is ŉ oorsaak hiervan, reken hy. Wanneer ons mense goed ken, heg ons nie meer waarde aan hulle nie, ons hoor nie meer wat hulle sê nie.

6 Ons kyk na werklikheidsprogramme. Eers skokkend, maar later die norm. Sporthelde en -afrigters vloek en skree op skeidsregters. Leerders minag hul onderwysers.

7 Deur met begrip te luister kan ons verhoudings bou wat op wedersydse agting, liefde en vrede gebaseer is. Maar hoekom luister ons dan nie meer nie? Tegnologie is 'n groot probleem. Ons is behep met ons selfone. Ons vrees dat ons iets sal misloop. Tegnologie gee ook onmiddellike behoeftebevrediging. Jy voel of jy tot 'n groep behoort. Maar dit kan ook verslawend wees en raak uiteindelik belangriker as regte verhoudings.

8 Ons het die stem van die wêreld in ons ore. Ons luister nie, want ons oë is op skerms gerig of ons dra oorfone. Jou kind se selfoon word sy belangrikste verhouding. Ons verleer sosiale vaardighede. Ons wil ook nie hoor wat ons alles moet doen nie. Dalk is ons bang vir kritiek en manipulasie. Ons word grootgemaak om foute raak te sien, mekaar te kritiseer en te oordeel, reken Putter. Ons wil reageer, maar luister nie na ander se hart nie. Marlaine Pienaar, sielkundige van die Boland, reken weer ons is selfgerig, ons jaag sukses en plesier na. Ons ambisies en prestasies is belangriker as ander se behoeftes. Die lewe het mededingend geword. Hierdie stres veroorsaak angs en dit lei tot meer gejaagdheid.

9 Elke verhouding bied spesifieke luisteruitdagings. Die uitdaging is om met begrip na mekaar te luister en nie dadelik te reageer nie. Ongelukkig luister ons om te praat, nie om te verstaan nie. As jy met begrip luister, probeer jy verstaan.

10 Waak teen vooropgestelde idees. Raak bewus van en werk aan jou persoonlikheidseienskappe. Doen introspeksie – dalk is jy dominerend of selfgesentreerd. Oefen respek tuis. Maak daagliks tyd vir persoonlike gesprekke en oor iets spesifieks. Monitor die tyd wat jy aan jou selfoon bestee. As jy nie gehoor word nie, het jy dikwels minder selfvertroue en probleme met interpersoonlike verhoudings. Jou liggaamstaal moet wys jy luister, behou oogkontak, glimlag en gee erkenning. Neem mekaar se kommunikasiestyle in ag. Onthou dat persoonlikhede verskil. Respekteer mekaar se tyd en gemoed. Vra of dit 'n goeie tyd is om te praat.

11 'n Gebrek aan kommunikasie is een van die belangrikste redes vir egskeiding, sê kenners. Te veel dinge trek ons aandag af en ons verleer om na mekaar te luister. Die gevolg is frustrasie, angstigheid of eensaamheid. Om aktief te luister skep minder misverstande. Dit skep 'n veilige ruimte om oor gevoelens te praat en mekaar te verstaan. Emosies is nie reg of verkeerd nie. Hoe kan ons beter luister? Fokus. Maak seker jy het reg gehoor. Vra jou maat vrae. Moenie gevolgtrekkings maak of die persoon onderbreek nie. Moenie blameer of veroordeel nie.

12 Luistervaardighede is ook van deurslaggewende belang in die werkplek. Verskeie studies van die departement van arbeid in die VSA het dit reeds bewys. As jy goed luister, is jy meer doeltreffend en produktief. Misverstande sal verminder. Jy sal 'n sterker samehorigheidsgevoel op kantoor skep en beter in 'n span kan saamwerk.

[Verwerk uit *Sarie.com,* Junie 2020]

***Introspeksie:** selfondersoek, waarneming van die eie innerlike, ondersoek en ontleding van eie gedagtes en gevoelens

## TEKS B: VISUELE TEKS

**RAAMPIE 1**



**RAAMPIE 2**




**RAAMPIE 3**





Maak oop jou ore ... niemand luister meer nie!

[Aangepas uit www.istockphoto.com]

## VRAE: TEKS A

1.1 Waarom ondervind verhoudings so baie probleme en selfs verbrokkeling? (1)

1.2 Hoe sluit die driejarige seuntjie se pleidooi by die onderstreepte frase in paragraaf 1 aan? (1)

1.3 Noem EEN rede waarom die skrywer statistiek by hierdie artikel ingesluit het. (1)

1.4 Luistervaardighede word as uiters belangrik geag. Verskaf TWEE redes waarom. (2)

1.5 Gee VIER redes waarom kommunikasie nie suksesvol kan plaasvind nie. (4)

1.6 Herlees paragraaf 3.

1.6.1 Waarom, dink jy, is die identifisering van 'n probleem sowel as die oplos daarvan onderskeidelik so belangrik as die gespreksgenoot se luistervaardighede goed is? (2)

1.6.2 Verduidelik watter gevaar daar in emosies skuil tydens probleemoplossing. (1)

1.7 Hoe sluit die onderstreepte sinne in paragraaf 4 by die eerste sin van paragraaf 1 aan? (1)

1.8 Hoe weet die leser dat disrespek die oorhand het? Gee TWEE bewyse waarom disrespek as die norm beskou kan word. (3)

1.9.1 Volgens Heidi Malan, in paragraaf 7, kan verhoudings wel gered word. Noem TWEE voorvereistes van 'n suksesvolle verhouding. (2)

1.9.2 Kan Heidi Malan se oplossings as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Dink jy, na aanleiding van paragraaf 8, dat die leser rede tot bekommernis/skeptisisme het wanneer dit by persoonlike verhoudings kom? (3)

1.11 Waarin lê die ironie opgesluit van die onderstreepte sin in paragraaf 9? (1)

1.12 Deur na liggaamstaal in paragraaf 10 te verwys, evalueer jou kommunikasiestyl (en waaraan jy aandag behoort te gee). (1)

1.13 Waarom is dit belangrik om nie gevolgtrekkings te maak of jou gespreksgenoot te onderbreek nie? (1)

1.14 Die departement van arbeid in die VSA slaag in sy verduideliking in paragraaf 12 waarom luistervaardighede in die werkplek belangrik is.

Verduidelik waarom die leser met bogenoemde stelling kan saamstem. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.15 Watter visuele bewys in RAAMPIE 3 dui daarop dat die kommunikasie nie suksesvol is nie? (1)

1.16 Dink jy die woorde van die muis in die hoek van die spotprent is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAAG: TEKS A en TEKS B**

1.17 In watter opsig is daar 'n verband tussen paragraaf 8 en 10 van TEKS A en die inhoud van TEKS B? Verwys afsonderlik in jou antwoord na die verband van elkeen van die paragrawe met TEKS B. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE voordele wat tuinmaak op die mens se siel en gees het.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike, volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**VIER VANJAAR TUINMAAK – VIRTUEEL**

Tuinmaak word jaarliks tydens Oktober in sonnige SA gevier. Gedink dis net vir (ou) mense wat nie iets beter het om met hul tyd te doen nie? Dink weer. Navorsing toon dat daar talle voordele is vir dié wat tyd in groen en natuurlike ruimtes deurbring.

Tuinmaak skep ’n gevoel van prestasie, selfs al het jy jouself nooit as iemand met groen vingers beskou nie. Nadat jy geplant, gekweek en geoes het, mag jy dalk anders oor tuinmaak voel.

’n Tuin, selfs net ’n pot of twee, drie, is vol dinge wat op versorgende hande reageer. Dit is goed vir hartgesondheid deur jou hart te versterk. Sonder om dit te besef, verbrand jy ’n paar kalorieë ook en bou spierkrag. ’n Gimnasium in jou tuin!

Tuinmaak is ’n lekker gesinsaktiwiteit. Dit skep herinneringe en kinders geniet dit om in die grond te speel en leer verantwoordelikheid aanvaar. So bring jy tyd saam met jou gesin deur. Dit is ’n wonderlike ding om met geliefdes te deel.

Tuinmaak is ook ’n goeie aktiwiteit om alleen aan te pak. Dit laat jou in voeling kom met jouself aangesien dit perfek is as bewustheids- en meditasie-oefening. Geniet die plante, voëlsang en vars lug terwyl jy werk.

Plant groente en kruie vir finansiële gesondheid. As jy groente plant, beteken dit jy hoef dit nie te koop nie. Jy kan baie geld op kos bespaar deur dit self te kweek. Jy kan ook van jou oes verkoop!

Dit help jou ontspan terwyl jy jou vaardighede slyp. Dit hou jou kreatief deurdat jy beplan, uitvoering aan jou planne gee en moontlike probleemoplossing bied wat in die toekoms mag opduik.

Tuinmaak is ook goed vir jou geestesgesondheid. Dit het sensoriese en terapeutiese voordele. As jy na mooi blomme kyk, skep dit positiewe gevoelens en verminder stres. Dit kan selfs pasiënte in hospitale help herstel.

So, waarvoor wag jy? Trek daar ’n pot nader, kry jou vingers in die grond – met of sonder handskoene!

[Aangepas uit *Huisgenoot*, 2 Februarie 2020 ]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Dischem Benefits*, Summer 2019]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Waarom is die uitroepteken in reël 1 funksioneel in die konteks van die advertensie? (1)

3.2 Skryf ŉ woord uit reël 2 tot 3 neer wat as manipulerende taal beskou kan word. (1)

3.3 Hoekom is die woord "Toemaar" in reël 2 gepas? (1)

3.4 Hoe ondersteun die meisie se lyftaal die woord "Toemaar" in reël 2? (1)

3.5 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in reël 3. (1)

3.6 Is die foto van die hond in die advertensie gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

3.7 Die onderstreepte woorde in reël 4 weerspreek die visuele voorstelling van die advertensie. Verduidelik deur TWEE bewyse uit te lig. (2)

3.8 Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit reël 5 tot 6 neer wat op ŉ eie opvatting/mening/standpunt dui. Herskryf nou hierdie reël sodat dit ŉ feit vorm. (2)


**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

**ZITS**




[Aangepas uit www.zitscomics.com]

### VRAE: TEKS E

4.1 Verduidelik onderskeidelik die gebruik van die twee kommas in RAAMPIE 1. (2)

4.2 Hoe weet ons dat Zits se pa in RAAMPIE 3 sy woorde gebruik om die verhouding tussen taal en mag uit te beeld? (2)

4.3 Stem jy saam dat Zits se pa hier bevooroordeeld is? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Watter visuele bewys is daar in RAAMPIE 3 dat Zits se pa moeilik sy eie woorde glo? (1)

4.5 Ondersteun die visuele voorstelling in RAAMPIE 3 die vetgedrukte woorde in hierdie raampie? (1)

4.6 Watter visuele bewyse is daar in RAAMPIE 1, 2 en 3 dat Zits se ma, in RAAMPIE 4, rede tot kommer het? (1)

4.7 Verduidelik waarom RAAMPIE 5 as stereotipering beskou kan word. (1)

4.8 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Zits se vriend se woorde in RAAMPIE 6? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F

**MATRIKULANT: "DIE KLAS VAN 2020 GAAN DIE BESTE HIERVAN MAAK"**

1 My gewone skoolskedule is deur Covid verwoes. Hier sit ek nou in my slaapkamer. My matriek-wiskunde moet getakel en afgehandel word. My ander handboeke gluur my aan asof ek die virus is. Tuisonderrig is my voorland.

2 Die besef tref my weer soos ŉ klip teen die kop: Dié inperking waarin ek verkeer, het net twee uitkomste: of ŉ absolute mislukking, of welverdiende sukses. Ek is gewoond aan roosters en halfuur-pouses, maar nou is ek uitgelewer (5.4) die selfdissipline en eise van tuisonderrig.

3 My maag draai as ek besef: ek moet iets doen! My heen en weer "yskas-toe-stap-plan" gaan nie werk nie. My kop begin stelselmatig ŉ aksieplan vir aanpas en wen uiteensit: Ek gaan vasbyt en **deurdruk**. Hier kom ŉ unieke leergeleentheid, nogals met my pantoffels aan!

4 My bekommernis begin stadigaan afneem namate ek my werk op die **tydlyn** voor my neerpen. Ek begin bewus raak van nuwe geleenthede. Ek is deel van nasionale inperking. Dit is veel meer van belang as my tydelike hartseer oor verlore tyd saam met my vriende.

5 Tussendeur begin ek en my maats diep dinge gesels. Ek besef dat isolasie dalk ŉ bedekte seën kan wees. In pleks van om ŉ slagoffer-jas oor my skouers te trek, het ek die kans om myself vir ander maalkolke en slaggate voor te berei. Ek sal eendag kan terugkyk en sê ek het hierdie een gewen en die beste uit die virus-jare gehaal.

[Aangepas uit *Die student, netwerk24,* 6 Mei 2020]

### VRAE: TEKS F

5.1 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat direk met "hiervan" in die titel verband hou. (1)

5.2 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die bedrywende vorm. (1)

5.3 Gee ŉ idioom met "klip" as kern wat beteken jy help iemand met ŉ moeilike taak. (1)

5.4 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 2 neer. (1)

5.5 Wat is die konnotatiewe verklaring vir die onderstreepte woorde in paragraaf 3? (1)

5.6 Gebruik die vetgedrukte werkwoord in paragraaf 3 as ŉ skeibare werkwoord in ŉ verklarende sin. (1)

5.7 Wat is die bepaler van die vetgedrukte woord in paragraaf 4? Gebruik dit nou as kern in ŉ samestelling van jou eie in ŉ sin. (2)

5.8 Skryf die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 4 neer. (1)

5.9 Benoem die taalverskynsel wat in die onderstreepte woorde aangetref word. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelling in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1 (Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Mense luister nie meer na mekaar nie/<br>Die mens het luister verleer. √ | 1 |
| | | |
| 1.2 | Studies wys dat die mens slegs 25% van wat ons hoor, onthou. Die seuntjie wil seker maak sy ma luister mooi na wat hy sê sodat sy 100% hoor wat hy sê. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.* | 1 |
| | | |
| 1.3 | Die skrywer wil die omvang van die krisis van swak luister aandui. /<br>Die skrywer wil die artikel meer geloofwaardig maak./<br>Die skrywer wil die probleem bevestig/versterk/ondersteun. √ | 1 |
| | | |
| 1.4 | Luister vorm deel van doeltreffende/effektiewe kommunikasie √<br>en dus suksesvolle verhoudings. √ | 2 |
| | | |
| 1.5 | Mense druk hulself nie doeltreffend uit nie √<br>Mense druk hulself nie met emosie uit nie √<br>Mense is konfronterend √<br>Mense is kritiES √<br>Mense is verwytend √<br>*Enige VIER van bogenoemde.* | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6.1 | Deur te luister kan jy by die kern van die probleem uitkom. √<br>As jy goed luister na jou gespreksgenoot se probleem help jy die persoon om kreatief te dink, selfvertroue te kry om die beste oplossing te vind./<br>Deur te luister kan jy hom/haar help om oorweldigende emosies te beheer. √<br><br>*Die kandidaat bied sy/haar keuse in enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 1.6.2 | Wanneer emosies jou gespreksgenoot se denke domineer, dink hy dalk nie meer so rasioneel nie. √ | 1 |
| | | |
| 1.7 | Die seuntjie versoek sy ma herhaaldelik om na hom te luister. Dit is asof hy in die verlede ervaar het dat sy ma nie luister nie en daarom klink hy ontsteld, gefrustreerd en dit bevestig die onderstreepte sinne in paragraaf 4. √ | 1 |
| | | |
| 1.8 | Daar word duidelik genoem dat disrespek seëvier/wen/die oorhand het. √<br><br>Wanneer ons mense goed ken, heg ons nie meer waarde aan hulle nie /<br>Ons kyk werklikheidsprogramme wat skok /<br>Sporthelde en-afrigters vloek en skree op skeidsregters /<br>Leerders minag hul onderwysers. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| | | |
| 1.9.1 | Deur met wedersydse agting/<br>liefde/<br>vrede/<br>met begrip te luister. √√<br><br>*Kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 1.9.2 | Ja<br>Sy is ŉ kenner van verhoudings/sielkundige. √ | 1 |
| | | |
| 1.10 | Ja<br>Paragraaf 8 lig al die negatiewe oorsake uit van swak luistervaardighede en swak verhoudings – (tegnologie, min sosiale vaardighede, kritiek, manipulasie, foute raaksien en dat die mens te selfgerig geraak het ten koste van ander). √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 3 |
| | | |
| 1.11 | Die onderstreepte sin verduidelik dat ons luister om te reageer en nie met begrip om werklik te verstaan wat die ander persoon aan ons sê nie. Dit is die teenoorgestelde van wat ons eintlik veronderstel is om te doen / hoe om te luister na mekaar. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Ek wil daarop let om mense in die oë te kyk wanneer hulle praat / ek met hulle praat. / Ek wil meer glimlag, my kop skud wanneer ek na ander luister om aan te dui dat ek werklik luister en belangstel. √<br><br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.* | 1 |
| | | |
| 1.13 | Dit vorm nie deel van aktief luister nie. /<br>Respek is ononderhandelbaar – dus respekteer mekaar se tyd en gemoed. √ | 1 |
| | | |
| 1.14 | Daar word duidelik gestel dat die departement van arbeid van die VSA navorsing/studies gedoen het. Dit is dus op feite gebaseer. √<br><br>**OF**<br><br>Swak luistervaardighede kom oral voor, ook in die werkplek. √<br><br>*Kandidate kan soortgelyke antwoorde aanbied.* | 1 |
| | | |
| 1.15 | Die tieners se oë is op hul selfone gerig /<br>Daar is geen sprake van korrekte liggaamstaal vir doeltreffende kommunikasie nie. /<br>Die tieners is elkeen besig met sy/haar eie dinge en steur hulle nie aan mekaar nie. √<br><br>*Die kandidaat kan enige soortgelyke antwoord bied.* | 1 |
| | | |
| 1.16 | Ja.<br>Die muis se woorde beaam/waarsku dat menslike luistervaardighede swak en ondoeltreffend is en pleit daarom – "maak oop jou ore, niemand luister meer nie". √ | 1 |
| | | |
| 1.17 | In paragraaf 8 van TEKS A word verduidelik dat ons te selfgerig is terwyl TEKS B dit uitlig dat mense nie na mekaar luister nie en elkeen besig is met sy/haar eie dinge. √<br>**EN**<br><br>In paragraaf 10 van TEKS A word verduidelik dat luistervaardighede ingeoefen moet word en dat ons moet fokus op ons gespreksgenote deur die regte liggaamstaal ens. te hê terwyl in TEKS B die groepie tieners nie gefokus is op mekaar nie.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan waarin daar afsonderlik na 'n ooreenkoms tussen die twee tekste verwys word.* | 2 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**
- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**Moontlike antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

**Tuinmaak skep ’n gevoel van prestasie by jou. Tuinmaak is goed vir jou fisiese gesondheid. Dit kan ’n lekker gesinsaktiwiteit wees en bied geleenthede vir herinneringe skep. Tuinmaak is ook ’n goeie aktiwiteit om alleen te doen. As jy groente en kruie plant, kan jy dit verkoop en so bou aan jou finansiële gesondheid. Deur tuin te maak leer jy jou vaardighede en kreatiwiteit ken. Voorts is dit ’n bewustheids- en meditasie-oefening.**

**[72 woorde]**

| AANHALINGS UIT DIE TEKS | EIE WOORDE |
|---|---|
| • **Tuinmaak skep ’n gevoel van prestasie.** | Tuinmaak skep ’n gevoel van prestasie by jou. |
| • **... is goed vir jou hartgesondheid ...** | Tuinmaak is goed vir jou fisiese gesondheid. |
| • **... is ’n lekker gesinsaktiwiteit ...** | Tuinmaak kan ’n lekker gesinsaktiwiteit wees en bied geleenthede vir herinneringe maak. |
| • **.. .ook ’n goeie aktiwiteit om alleen aan te pak ...** | Tuinmaak is ook ’n goeie aktiwiteit om alleen te doen. |
| • **... aangesien dit perfek is as bewustheids- en meditasie-oefening** | Voorts is dit ’n bewustheids- en meditasie-oefening. |
| • **... plant groente en kruie vir finansiële gesondheid ...** | As jy groente en kruie plant, kan jy dit verkoop en so bou aan jou finansiële gesondheid. |
| • **... terwyl jy jou vaardighede slyp ... hou jou kreatief ...** | Deur tuin te maak leer jy jou vaardighede en kreatiwiteit ken. |
| | **(Getal woorde: 70)** |
| | |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in ŉ sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit beklemtoon die skok na die hond sy modder afskud op die kind. √ | 1 |
| | | |
| 3.2 | alles √ | 1 |
| | | |
| 3.3 | Dit dui op gerusstelling tydens ŉ krisis. √ | 1 |
| | | |
| 3.4 | Die meisie se vinger wys na én sy kyk na die woord "Skitterskoon". √ | 1 |
| | | |
| 3.5 | piekfyn √ | 1 |
| | | |
| 3.6 | Ja<br>Dit wys hoe die mors- en moddervlekke plaasgevind het/<br>Dit sluit aan waarom die wasmiddel benodig gaan word/<br>Die moddervlekke beklemtoon die boodskap dat die wasmiddel die oplossing bied vir hierdie vuil vlekke. √<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die hond laat nie reg geskied aan wat die wonderlike wasmiddel kan doen nie/<br>Dis swak smaak om die skuld op ŉ onskuldige hond te plaas. √<br><br>*Kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.7 | Die lyftaal √ (beide arms sowel as die vingertjie)<br>Die gesigsuitdrukking is nie ontspanne nie – mond is oop in ongeloof/skok – wys dat sy wel stres. √ | 1<br>1 |
| | | |
| 3.8 | Ons dink √<br>Ons weet hierdie veeldoelige skoonmaakmiddel is die oplossing tot alle onverwagse foute en flaters. √ | 1<br>1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die eerste komma word gebruik tussen twee werkwoorde (aflê, is). √<br>Zits is die aangesprokene en moet dus ŉ komma kry. √ | 1<br>1 |
| | | |
| 4.2 | Met die herhaling van die woorde "wees net jouself" √<br>Die vetgedrukte woorde bevestig dat hy die woorde beklemtoon om sy posisie as ouers wat weet, uit te lig. √ | 1<br>1 |
| | | |
| 4.3 | Ja, sy woorde dui duidelik daarop dat hy nie dink Zits kan gefokus en versigtig wees nie √ | 1 |
| | | |
| 4.4 | Sy oë wat hemelwaarts gerig is. √ | 1 |
| | | |
| 4.5 | Ja.<br>Zits se pa se oë kyk na bo wat dui op sy moedeloosheid/besinning oor Zits se gewone nie-versigtige en nie-gefokusde optrede. √ | 1 |
| | | |
| 4.6 | Zits sit net tydens die hele gesprek gefokus op sy selfoon/<br>Zits sit pal met sy foon. √ | 1 |
| | | |
| 4.7 | Ouer mense dink dat jongmense onverantwoordelike bestuurders is, sal wees en bly. √ | 1 |
| | | |
| 4.8 | Hy het verwag dat Zits se ma hom meer as net vyf keer moes herinner/waarsku. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | tuisonderrig √ | 1 |
| | | |
| 5.2 | Ek moet my matriek-wiskunde takel en afhandel. √ | 1 |
| | | |
| 5.3 | ’n Klip uit die pad rol. √ | 1 |
| | | |
| 5.4 | aan √ | 1 |
| | | |
| 5.5 | Sy voel naar asof daar ’n knop in haar maag is./<br>Sy is bekommerd. √ | 1 |
| | | |
| 5.6 | Druk die naald deur die materiaal √ | 1 |
| | | |
| 5.7 | tyd √<br>etenstyd / spertyd / eksamentyd / vryetyd √ | 1<br>1 |
| | | |
| 5.8 | permanent**e** √ | 1 |
| | | |
| 5.9 | kontaminasie √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**